


**Weeklikse Marksiening** **13 February 2012**

# Mielies


## *Oorsig van verlede week*

### VSA

Pryse in die VSA het verlede week baie rustig afgeskop, met min beweging tot Donderdag se USDA vraag en aanbod syfers. Pryse het teruggetrek na die verslag en eindig die week 1.6% laer.

Daar was nie te veel verrassings op die VSA se eie vraag en aanbod nie. Soos verwag is uitvoere met 50 miljoen boesels gelig na 1 700 miljoen boesels. Argentinië se verliese beteken minder sal deur hulle uitgevoer word en daar word verwag dat die VSA die tekort sal moet opmaak.
Eindvoorraad val na 801 miljoen boesels, slegs 6.3% van verbruik. Verwag dus dat naby maand pryse steeds ondersteuning sal kry uit die knap voorraad.

Die mark begin nou meer en meer te fokus op die aanplantings in die komende seisoen. Aanplantings skop in April af. Volgens 'n *Reuters* opname verwag verhandelaars dat daar 94.1 miljoen akkers aangeplant sal word, 2.2 miljoen akkers meer as verlede jaar. Dit sal die meeste wees sedert 1944. Daar word ook verwag dat die weer sal saamspeel die seisoen na twee moeilike seisoene. Opbrengste word dus teen rondom 160bu/acre (10.04ton/ha) geskat. Produksie kan dus genoeg wees om weer voorraad op te bou en nuwe oes (September) pryse sal onder druk wees.





### Internasionaal

Die USDA se wêreld skatting het die wenkbroue laat lig met Brasilië se oesskatting wat weereens onveranderd gelaat is teen 61 miljoen ton. Die skatting is maand vir maand dieselfde geskat sedert September. Droë toestande het egter die suide geteister,

met Rio Grande du Sol wat minder as 50%, en Parana wat rondom 70% van normale reënval gekry het. Rio Grande du Sol produseer 10% en Parana 25% van die huidige mielie-oes. Brasilië plant twee oeste, maar die huidige oes maak 70% van totale produksie uit.

Argentinië se oesskatting is met 4 miljoen ton verlaag na 22 miljoen ton. Dit is in lyn met ander skattings en binne verwagtinge.


Mexiko was die ander verrassing. Die ergste droogte in 70 jaar teister die land. Die oesskatting was wel in November verlaag, maar die droogte het sedertdien nog die kop van baie mielies geëis, sonder dat dit in Donderdag se skatting weerspieël is.




Met redelike sekerheid wat oor die Suid Amerikaanse oes gekry word, kan die fokus nou skuif na die Noordelike halfrond se produksie. Tussen die VSA, China, Europa en die Voormalige Sowjet Unie, word daar rondom 70% van die wêreld se mielies geproduseer.

## Plaaslik

Anders as oorsese markte het plaaslike pryse gebokspring, veral naby maande.




Vroeg in die week het pryse getuimel , maar die val was oordoen en pryse het weer herstel. Fisiese voorraad is nog bitter skaars en invoere sal net-net voorraad kan dra

tot die nuwe seisoen. Uitvoere sal waarskynlik sterk bly aangesien Mexiko 'n reuse premie van $80-$100 Dollar vir witmielies bo geelmielies betaal.

SA voer tans mielies uit die Swart See in. Logistieke probleme het egter opgeduik met water in van die hawens in Oekraine en Rusland wat gevries het. Dit kan moontlike invoere na SA vertraag, maar die omvang hiervan is nog nie bekend nie. Lees meer op: http://www.seanews.com.tr/article/TURSHIP/75212/Thickenin-Ice-Black-Sea-Ports/ Die onderstaande foto is van Novorossiysk hawe in Rusland:



Verder maande was onder druk uit 'n beter week wat die weer betref. Goeie reën het oor die meeste dele van die somergraan gebied geval. Hoewel reën weer oneweredig was, het meeste dele van Noordwes wel reën gehad. Oor die algemeen lyk die oes eersteklas. Pryse vir die nuwe seisoen was onder druk hieruit maar dar is kolle wat droogteskade lei.

## *Verwagting vir die komende week*

Die USDA maak vandag sy basislyn projeksies bekend. Dit is 'n langtermyn vraag en aanbod skatting vir 2012-2021. Die skatting sal dus 'n aanplanting en opbrengs skatting vir 2012/2013 bevat. Die skatting sal fyn dopgehou word om te sien of die USDA voel dat eindvoorraad weer aangevul sal word. Die amptelike voorneme om te plant skatting word egter eers 30 Mei bekend gemaak. Verwag aanplantings in die skatting naby aan 94 miljoen akkers en opbrengste naby aan 160bu/acre. Dit kan waarskynlik pryse onder druk hê.

Ou-oes kontrakte in die VSA kan sywaarts tot hoër beweeg die week.

Plaaslike pryse word hoër verwag vir die week. Daar is min fisiese voorraad beskikbaar in naby maande. Verder maande sal ook ondersteuning kry uit min reën wat vir die week voorspel word.

# Koring

## *Oorsig van verlede week*

### VSA

Die koringmark was ook redelik stil tot Donderdag se verslag, maar pryse tuimel egter in reaksie hierop. Koringpryse sluit verlede week 3.6% laer.


In die VSA het min fundamenteel verander. Die vraag en aanbod syfers soos Donderdag gepubliseer het baie dieselfde as die Januarie skatting gelyk. Uitvoere is egter gelig met 25 miljoen boesels na 975 miljoen ton, en eindvoorraad daal dus met 25 miljoen boesels na 845 miljoen boesels.

Die suidelike koringvlaktes het onlangs minder neerslag gehad. Koring is egter nog in die dormante fase en daar word nie te veel aandag aan die weer gegee nie. Elders oor die land was die weer redelik neutraal.

VSA pryse het meer gereageer op die USDA se wêreld vraag en aanbod skatting.

### Internasionaal

Wêreld koring eindvoorraad word die hoogste op rekord geskat teen 213.1 miljoen ton. Dit is 3 miljoen ton meer as in die vorige skatting en 12 miljoen ton meer as verlede jaar.




Produksie is 1.38 miljoen ton gelig na 692.88 miljoen ton. Dit kom uit hoër produksie in Noord Afrika (18.93 miljoen ton), Indië (86.87 miljoen ton) en Kazakstan (22.73 miljoen ton).
Die feit dat Oekraine se oes weereens nie laer aangepas is nie, het 'n frons op verhandelaars se voorkop gelaat. Oekraine het swaar deurgeloop onder droogte einde verlede jaar, en koueskade het ook die kop van baie koring geëis vroeg die jaar. Ander skatting skat reeds die koring oes so laag as 13-15 miljoen ton, maar die USDA se skatting was bankvas op 22 miljoen ton.

Uiters koue weer in die Swart See gebied het nie net koring skade aangerig nie, maar ook logistieke probleem veroorsaak. Russiese en Oekraïniese hawens in die Swart See gebied het gevries en die ys moet eers gebreek word voor die skepe die hawe kan inkom of verlaat.

**Plaaslik**

Daar is min wat plaaslik die mark dryf, met die stroopproses wat voltooi is. 'n Ogie word dus op oorsese prysebewegings gehou.

Verlede week se lewerings syfers was weer bo verwagtinge teen 14 000 ton. Dit bring dus porgressiewe lewerings tot op 1 854 000 ton. Dit is dan reeds meer as die oesskatting se 1 849 930 ton. Dit beteken die oesskatting sal weer hoër aangepas word op 28 Februarie. Oor die laaste 5 jaar is daar gemiddeld 92% vir dieselfde tydperk gelewer, so statisties kan die oes dus soveel as 2.0 miljoen ton wees.

Dan vloei koring nog na die veevoermark, veral in die Kaap. Dit gee pryse nog ondersteuning

### *Verwagting vir die komende week*

VSA koringpryse het nou weer geval tot op dieselfde vlak as mielies. Met massiewe wêreld oordrag voorraad moet koring pryse onder druk wees, maar pryse is huiwerig om onder die van mielies te val. Verwag dat koringpryse die prys van mielies sal volg die week, en dus hoër kan beweeg. Plaaslike pryse behoort ook hoër te verhandel vir die week.

## *Sonneblomme*

### *Oorsig van verlede week*

**Internasionaal**

Europese sonneblompryse het effens hoër beweeg vir die week. Die beweging is seisoenaal met pryse wat normaalweg die tyd van die seisoen begin styg. Egipte het sterk aankope van 38 000 ton sonneblom olie gemaak wat pryse ondersteun het.

**Plaaslik**

Plaaslike pryse het die week redelik onveranderd afgesluit.
Die beter weer verlede week het pryse onder druk gehad, maar dit is uitgekanselleer deur knap voorraad vlakke wat verwag word voor die nuwe oes van die lande af kom. Normaalweg kom die gros van die oes in Maart van die lande af. Die seisoen is daar egter later geplant en kan die meeste eers in April en May gelewer word.

Hoewel die jaar afgesluit het met voorraad van 232 600 ton, kan daar tot 70 000-90 000 ton in Januarie, Februarie en Maart gepers word, wat beteken voorraad sal bitter min wees in April.

### *Verwagting vir die komende week*

Verwag dat pryse ondersteuning kan kry die week. Soos wat die mark weer besef dat voorraad knap kan wees, kan pryse weer hoër begin verhandel. Verder maande kan onveranderd verhandel, met goeie reën wat verlede week geval het.


## *Sojabone*

### *Oorsig van verlede week*

**<u>VSA</u>**


Sojaboon pryse het onveranderd verhandel in die VSA. Die USDA se vraag en aanbod skatting van Donderdag was onveranderd vanaf die Januarie skatting. Eindvoorraad is dus gelaat op 275 miljoen boesels, dit is nog genoeg teen 9.1% van verbruik.

Daar word ook meer en meer gefokus op sojaboon aanplantings. Weereens kan sojaboon aanplantings grond verloor teenoor mielies, met mieliepryse wat meer winsgewend is. Daar word verwag dat sojaboon aanplantings naby aan verlede jaar se 75.0 miljoen akkers kan wees, terwyl mielie aanplantings sal uitbrei.




**<u>Internasionaal</u>**

Die USDA se wêreld sojaboon vraag en aanbod syfers het ook vir ‘n verrassing gesorg. Brasilië se produksie is 2 miljoen ton laer geskat teen 72 miljoen ton. Argentinië se produksie is ook met 2.5 miljoen ton verlaag na 48 miljoen ton. Hoewel daar verwag was dat produksie syfers effens laer sou wees, was die USDA se skatting onder verwagtinge. Dit is ook vreemd dat die USDA die sojaboonoes in Suid Amerika soveel laer skat, maar die mielie-oes min aanpas. Meeste ander firmas is van mening dat die mielie-oes die swaarste gekry het, en dat reën oor Argentinië en die Suide van Brasilië nog betyds was om die sojaboonoes te red.




## Plaaslik

Plaaslike sojaboon pryse het verlede week tussen 0.5-1% hoër afgesluit.

Beter weer het ook oor sojaboon gebeide geheers maar kon nie pryse af druk tot onder uitvoerpariteit nie.
Die massiewe voorraad in die land is nog kommerwekkend. Pryse behoort fundamenteel al onder uitvoerpariteit te geval het, maar a.g.v. 'n reuse hoeveelheid oop posisies bly pryse sterk staan. In Mei, Junie en Julie word daar nog 325 150 ton se oop posisies gehou. Soos wat die posisies gesluit word kan pryse onder druk kom.

## *Verwagting vir die komende week*

Verwag dat VSA pryse onveranderd sal verhandel die week. Daar is nie te veel kommer oor oordrag voorraad nie. Die hoë mielieprys gee egter nog ondersteuning aan sojabone.
Plaaslike pryse word onveranderd tot laer verwag en moet binnekort onder druk kom uit die reuse voorraad vlakke, veral voor die nuwe oes van die lande af kom.

Senwes SAFEX Makelaars

| | |
|---|---|
| *Johan Strauss* | *018 464 7575 / 072 116 9999* |
| *Kobus Retief* | *011 253 6937 / 082 461 7166* |
| *Jackie van der Merwe* | *018 464 7528 / 083 460 7664* |
| *Wilbie Venter* | *018 464 7637 / 082 698 2266* |

Senwes Inligtingsdienste

| | |
|---|---|
| *Theo Venter* | *018 464 7723 / 084 715 4171* |
| *Thys Grobbelaar* | *018 464 7385 / 083 449 0944* |


**Vrywaringsklousule**
Die aanbevelings wat deur Senwes Beperk se verteenwoordigers en/of sy werknemers gemaak word is nie noodwendig korrek nie. Daar is geen voorstellings en/of waarborge ten opsigte van die korrektheid van sodanige aanbevelings nie. Indien die aanbevelings of insette gebruik word, word dit op eie risiko aanvaar en toegepas en word Senwes Beperk en/of sy verteenwoordigers en/of sy werknemers van enige en/of alle eise en/of skade wat mag voortspruit uit die toepassing van sodanige aanbevelings gevrywaar.